

Fragment uit: *De ommegang*, deur Jan van Aken (Amsterdam: Querido, 2018).

Uit Nederlands in Afrikaans vertaal deur Dan Roodt

Vanaf bladsy 26:

Die pad na Konstanz II

-

Reisdoel

Dae aaneen loop ons pad min of meer ewewydig met die strande waar klein golfies lou oor die strand rol en hul onwillig weer terugtrek na die vlak waters. Dit was so helder dat jy duidelik wiere en sandriwwe kon onderskei en af toe die snelle skimme van visse. Maar die diep blou verderop bring my nie die vredige gedagtes wat dit by ander oproep nie. Hoeveel verskrikkinge kon die duister dieptes herberg? Ek ril by die herinnering aan my onlangse seereis en hou soos altyd my oë op die pad gerig. Die ou man en sy dogter gaan my voor en so kon ek my oorgee aan my innerlike wandeling, wat soveel meer oplewer as die steeneike, wynstokke en olyfboorde, as die besembos langs die pad, wat in die ligte bries tril.

Aanvanklik vrees ek dat my tempo ietwat te hoog is vir my reisgeselle, want hoewel ek nie haastig is nie, hou ek van 'n stewige pas. Ek hoef my egter geen oomblik in te hou nie en niks wys daarop dat hulle hul meer inspan as waaraan hulle gewoond is nie.

Af en toe vertel Lorea haar vader wat sy onderweg sien. "Kyk, die olyfboom moes al gestaan het voor die kruisiging." En later beskryf sy 'n berg wat in die noordweste opdoem. Dit dra 'n sneekap en moet nog dagreise ver wees.

"Dit is die berg Amaro," sê Maelgys, "dié sal ons op groot afstand verbygaan."

Sy woorde haal my uit my konsentrasie en ek vra: "Het jy al voorheen hier geloop?"

"Vyf-en-dertig jaar gelede," sê hy, maar toe het ek in die teenoorgestelde rigting gegaan."

"En jy sien dit nog voor jou." Ek was beïndruk, blindheid en ouderdom kon die pad nie uit sy herinnering vee nie.

Ons praat weinig in die oggend, soos wat op reis gebruiklik is, want 'n wandelaar moet sy asem spaar. Vir 'n egte gesprek het ons pas tyd as ons 'n beskutte plek opsoek om die middagmaal te nuttig. Tog slaag ek nie sommer daarin om die draad van ons vriendskap weer op te neem nie. Daaraan het destyds deur die omstandighede abrupt 'n einde gekom. En het ons nie al te veel verander nie?

“Vertel my oor Konstanz,” sê ek tydens een van die eerste ruskanse. “Wat gaan julle daar doen? En hoe ver is dit nou eintlik?”

“Aan die begin van die lente sal ons daar wees,” sê Lorea. Sy steek 'n vuurtjie aan om koek te bak van koring en van die eike wat sy op die rusplekke versamel.

Haar vader gaan lê op sy mantel. Hy trek sy bene een vir een op en strek hulle dan weer. “Ons gaan die konsilie besoek,” sê hy, hygend van inspanning. “Verlede jaar het die koning van die Heilige Roomse Ryk, tesame met pous Johannes 'n algemene kerkvergadering byeengeroep om 'n einde aan 'n paar groot booshede te maak.”

“Alle hoë kerkfunksionarisse is daar,” sê Lorea. “My vader kry in die najaar die versoek om die koning en die kerkgeleerdes van advies te bedien.” Sy gee my 'n vysel en stamper en sy sit 'n houtskaaltjie langs my neer om die eikemeel in op te vang.

“Oor watter booshede gaan die konsilie?” vra ek, terwyl ek begin om te stamp en te vryf.

“Jy was lank weg wees,” konstateer die ou man. “Ver weg, kan ek hoor. Dit gaan in die eerste plaas om die pouse.”

“Pouse?” vra ek.

Lorea lag. “Eers was daar twee, nou skyn daar al drie te wees.”

Die ou man kyk haar half bestraffend aan en sê toe: “Dit is 'n ernstige saak. Origens het dit jare gelede al begin. Jy het tog wel van die Groot Skeuring van die Weste gehoor?”

Ek weet dit weer.

2

## Verkenning

Die geheuekuns gaan jou ook aan, my vriend, want 'n gekerkerde met 'n innerlike wêreld is vry in die gees. Giles se geskenk aan my behels nie die hele retorika van Cicero (of van sy naamlose pseudogestalte) nie maar die gedeelte wat die memoria behandel, die geheue.

Dit is 'n ou kuns. Jy roep 'n plek voor jou geestesoog op, byvoorbeeld 'n huis, waarin jy kamers, kelders, nisse en mure kan gebruik om die dinge te plaas wat jy wil onthou. Jy probeer die dinge in 'n treffende beeld te vang, 'n beeld wat deur sy skoonheid, deur die ontroering wat dit opwek, of juis deur groteske absurditeit - gedagtes is immers vry - eenvoudig in die geheue oproepbaar is. Ons herinner ons na jare veral nog wat indruk maak, terwyl die banale beeldestroom van die alledaagse snel in die herinnering vervaag.

My eerste uitstappie na die bakhuis. Ons steek die grasveld oor, loop langs die buitemuur en gaan deur die poortjies van die dwarsmure wat 'n groentetuin, 'n kruietuin en 'n boord van mekaar skei. Ek wil oral stilstaan, maar Giles maan my om deur te loop. "Dit sal wel op 'n keer gebeur, jy kan ook self rondkyk in die tuine as jy nêrens heen op pad is nie. Ek sal jou eers laat kennismaak met 'n vriend, wat hier 'n belangrike rol het."

By 'n klein geboutjie hou hy die deur vir my oop. Ek deins terug voor die hitte wat van 'n groot gemesselde oond af kom. By 'n tafel staan 'n ou man, geklee in 'n lendedoek, besig om 'n groot wit massa te knie. Die sweet tap van sy gesig en sy glimmende liggaam af en toe hy, kennelik verskrik, opkyk, vlieg die druppels uit sy baard en lang hare. Sy gesig klaar op by die sien van Giles. Hy roep 'n vrolike groet en rig hom weer op sy werk.

"Dit is Walter," sê Giles, "en daar, op die binneplaas, koel die gebakte brood af."

"Waar kom jy dan vandaan?" vra die bakker aan my.

"Isidoor woon al jare by my," sê Giles. "Jy was by toe hy hier aangekom het." Giles, weet ek toe al, kon hom elke tafereel uit die verlede voor die gees haal en hy sien nog elke afsonderlike monnik van die groepie wat hulle die eerste dag oor die kind buig wat hy gevind het.

"Die vondeling!" roep Walter verbaas. "Dit is lank gelede!"

"Ek laat hom die klooster sien," sê Giles. "Kom saam, Iss, dan gaan ons verder."

"Ek wil kyk hoe hy bak," sê ek. Die brood skei 'n veelbelowende geur af.

"'n Ander keer," sê Giles. "Dit is net één gebou. Ek sal jou na die kerk saamneem. Van daar af kan ons die klooster besoek, maar ek weet nie presies of dit vandag 'n goeie dag is nie."

Die bakker slaan sy deeg met 'n harde klap op die tafelblad, reik na 'n plank en haal 'n broodjie daarvan af. "Vat dit maar saam," sê hy. "En kom terug as jy wil, dan leer ek jou bak."

Ek volg Giles en neem 'n hap van my broodjie. Selfs die geure in die bakkery kon my nie op die soet smaak voorberei nie. Ek loop stadiger om dit te geniet, maar Giles roep ongeduldig dat ek moes saamkom.

Ons betree die kerk via die sybeuk. So warm as wat die bakkery was, so kil kom God se huis my voor, maar ek vergeet gou die koue en drentel die ruimte in, duiselend van die grootsheid, van die binnevallende lig in die middeskip, van die duistere hoeke en krippe. Ek weet nie meer of ek mense hoor sing of dat ek, opgehewe en sprakeloos in my ontsag, die harmonie van die sferie kon waarneem nie. Ek volg Giles na die middelpaadjie en halfpad bly ons staan om alles in ons op te neem. Ek ken die rame van die buitekant, want die kerk toring bo alles uit, maar ek was nie voorbereid op die skouspelagtige kleurespel van die binnevallende lig nie.

“Kom, dan loop ons verder,” sê Giles.

Ek wil hier bly staan, desnoods die hele dag. Giles vat my hand en trek my saam. Hy bly staan by 'n kruisbeeld waaraan 'n bloeiende man hang, wat met groot spykers deur sy hande aan die dwarsbalk vasgespyker is. Ek het al dikwels kruise gesien, maar nog nooit so lewensgetrou en gruwelik, met hierdie slagoffer nie. “Wie is die man?” vra ek.

“Dit is Jesus Christus, die lewende God.” Ek kyk verbaas op na Giles, ek hoor bitterheid in sy stem. “Ons gaan,” sê hy en hy trek my saam.

“Nou ken jy ander plekke as my huisie,” sê Giles toe ons buite is. “Later sal ons die afsonderlike kapelle bekyk en die nisse met beelde, ons sal die krippe verken en as ons met die kerk klaar is, laat ek jou die klooster sien. Maar ek ken self nog nie eens die helfte van die kompleks nie; groot gedeeltes is ook al lank verlate en verval. Ek sal jou laat sien hoe jy alles kan gebruik om jou geheue te vorm.”

Ek stem in, entoesiasies in die ware sin van die woord, maar ek het dit begryp. Ek begryp al hoe beter hoe dit werk as wat Giles ooit sou.

Giles waarsku my gereeld dat ek nie te opvallend moet wees nie. “Jy is klein gebou en hulle sien jou vinnig oor die hoof. Dit is goed. As jy mense op die pad teëkom, sal hulle alles van jou wil hê.” Hy het self 'n meester geword daarin om werk mis te loop. Afgesien natuurlik van die een groot taak wat hy op hom geneem het.

Op 'n winternag neem hy my na die hof, waar ons in komberse gehul op 'n bankie kyk na die vonkelende sterre in die hemelkoepel. Giles ken vele van die name en hy wys vir my die sterrebeelde uit. Ek sê alles na om dit later te kan orden en op te berg, maar toe hy merk wat

ek doen, sê hy: “Die sterreheemel wentel om ons heen en is afhanklik van jou standpunt op aarde. Soos wat jy die hemel nou sien, sal hy eers oor ‘n jaar weer wees.”

Die implikasies van sy woorde laat my duisel. “Dus het dit geen sin om dit te onthou nie?”

Hy swyg ‘n tydjie en lyk asof hy met sy vingers die onderlinge afstande van die hemelvoorwerpe meet. Toe sê hy: “Dit is minder moeilik as wat dit lyk. Die verskuiwing is reëlmatig en as jy enkele samestellings ken, met byvoorbeeld ‘n maand of kwartaal daartussen, kan jy die tussentydse fases eenvoudig aflei. ‘n Geoefende man sou tot op ‘n week noukeurig kon sê wat die datum is. Met die voorbehoud dat hy geen lang reise onderneem nie. Jy sou ook by bewolkte weer weet wat agter die wolke sigbaar is.”

“En as jy wel gaan reis?” vra ek.

“Dan kan jy uit die stand van die sterre min of meer uitmaak waar jy is en...”

“As jy heeltemal na die einde van die aarde reis,” onderbreek ek hom geesdriftig, “dan gaan die sterre verteken!”

Hy skud glimlaggend sy kop. “Jy vergis jou,” sê hy. “Jy sien nog altyd dieselfde konstellasie, maar vanuit ‘n ander gesigspunt.”

“Hoe kan dit wees?” vra ek. “As die hemelruim...”

“Het ek jou al vertel dat die meeste geleerdes daarvan uitgaan dat die aarde rond is?”

Ek luister na sy uitleg en onthou die name wat hy noem om hulle later self te ondersoek. Eratosthenes, Ptolemaeus, Augustinus, Beda Venerabilis. My naamgewer Isidorus van Sevilla is ook tussen hulle. “Die geleerdes gaan uit van berekening en waarneming,” sê Giles. “En die enkelinge wat op teologiese gronde veronderstel dat die aarde plat is, is verkeerd.”

Toe hy klaar gepraat het, sê ek: “Miskien kan ek dit op ‘n dag aantoon deur óf tot aan die einde van die aarde, óf heeltemal rondom te loop.”

Giles knik bedagsaam. “Dit is ‘n goeie idee,” sê hy. “Dit is ‘n baie goeie idee.”

Ons bly verder stil en ek tuur na die sterre tot die swart dieptes van die heelal my lyk my opsuig, sodat ek, tussen al die ander sterre, ook een is.

Elke dag skryf ek op wat Giles aan my dikteer. Ek leer dit van buite en hoewel hy my nog nie gereed ag vir regte kennis nie, en hy dit voorlopig by fabels en verhale hou, skets hy terloops al die lyne wat in my jong oë die grondslae van alle kennis is.

“Ek is nou spyt dat ek geen boeke van my ou klooster saamgeneem het nie,” sê hy eens mistroostig. “Daar was ek bibliotekaris, ons het byna tweehonderd boeke gehad.”

Hy vertel dat in ons eie Bellalanda elke monnik jaarliks ‘n boek uitgereik kry, wat hy dan die hele jaar deur moet bestudeer en sover moontlik van buite leer. “Meer as twaalf, dertien boeke is hier nie in omloop nie,” sê hy. “En ek neem aan dat hulle nie die interessantste is nie.”

“Kry jy dan geen boek uitgereik nie?” vra ek.

Dit is aand. Ek het net my fabel vir die dag opgesê en as die kerse nie op was nie, het ek hom gevra om net sowel iets nuuts te dikteer.

“Ek het eenkeer een gekry,” sê hy. “Dit was in my eerste maand hier, tientalle jare gelede. Maar omdat ek nie aanwesig was by die vergaderings en byeenkomste nie, het niemand daaraan gedink om dit terug te vra en te vervang nie. Ek het self geen belangstelling in nuwe boeke nie. Ek weet wat in die klooster sirkuleer: kerkvaders, teologiese traktate, niks van belang nie. Die boek wat ek in bewaring ontvang, ken ek al, ek dra dit in my om. Dit is ‘n werk van groot belang, al het dit vir ons tyd geen praktiese waarde nie.”

“Wat is die naam daarvan?”

“Vitruvius, die tien boeke oor boukunde,” sê Giles. “Hier is niks om te bou nie, en oral staan huise, hoewes en kloosters wat besig is om te verkrummel omdat hulle onbewoon is en niemand die moeite doen om hulle te onderhou nie.”

Ek is nie oortuig nie. Ek wil ‘n boek hê, watter ook al. “Waar is dit?” vra ek en probeer nie al te gretig klink nie.

Giles swyg eers, toe sê hy, enigszins verleë: “Ek het dit iewers neergesit, maar ek weet nie meer waar nie.”

“Jy ken die hele boek van buite, maar onthou nie waar jy dit gelos het nie?”

Dae lank soek ek, keer alles in die huisie om, maar die boek is nêrens te vinde nie. Ek begin vermoed dat Giles dit in ‘n dronk bui in die vuurherd opgestook het, in die veronderstelling dat dit ‘n plak turf was.

Na ons nagtelike verblyf in die hof broei ek oor ‘n nuwe nagwandeling, maar dan sonder Giles. Hy laat my nog altyd nuwe gedeeltes van die klooster sien, op tye as die monnike elders verkeer. Ek gaan ook steeds meer dikwels alleen en probeer my alles inprent, sodat ek iedere ruimte of kript, iedere suil en nis, balk en boog wat ek besoek kon droom. Maar die dak bly ‘n raaisel en in my verbeelding loop ek daar bo rond, tussen aarde en sterre kon ek die hele klooster met kerk en al met my blik omvat. Ek besluit om, sodra die weersomstandighede dit toelaat, op die dak te klim. En hoe goed sou die nagemel hom van daar af laat bestudeer!

Op 'n mooi lenteaand, toe Giles se gesnork aankondig dat hy al met sy nagslaap begin het, trek ek my sandale aan, bind 'n opgerolde kombersie op my rug en sluip so deur die hof na die binnemuur, steels as die wolke voor die maan inbeweeg. Omdat die poortjies gesluit is, klim ek op die muur, wat my weinig moeite kos, maar in plaas daarvan om daaroor te gaan, loop ek met gespreide arms om my ewewig te behou na die vleuel van die lekebroers. Die messelwerk is daar so verbrokkel dat ek my eenvoudig daaraan kon optrek. Ek beproef die windveer van die dak, wat sterk genoeg lyk, sodat ek myself op die dak kon hys.

Ek wag tot daar 'n wolk voor die maan skuif, want as iemand my sou sien, hoe onwaarskynlik ook, sou dit die einde van my verkenning beteken. Dis moeilik om op die skuins dak te loop, dus klouter ek vinnig na die nok, wat tot my vreugde veel breër as die muur is waarop ek so pas geloop het. Die moeilikste moet nog kom. Aan die einde van die lang dak sluit die gebou by die kerk aan, waar dit op dié vlak geen begaanbare nok meer is nie, slegs die skuins aflopende dak van 'n sybeuk, waar ek miskien 'n dakgeut kon bewandel. Die veel hoër kerkdak lyk my ineens onbereikbaar.

En terwyl ek daar my nuwe, hoë wêreld in my begin opneem, val 'n donker skaduwee my op agter die laaste van die skoorstene op die binneste dakhelfte van dié vleuel. Die skaduwee pas nie by die strakke vorme nie en ek kry opeens heel koud. Dit kon slegs 'n lewende wese wees. Ek tuur, en verbeel ek my dit nou of begin dit beweeg? 'n Groot voël? 'n Demoon? Die skadu maak hom los van die skoorsteen en klim rasendsnel na die nok. Daar kom hy versigtig orent. Dit is 'n monnik, hy steek sy hand na my op. Daarna loop hy nonchalant na my toe en hurk by my neer. Hy is nog jonk. Hy lag na my toe en sê: “Wie is jy dan? Kom jy hier die klooster beroof? Dan is daar eenvoudiger toegangsroetes.”

“Wie is jy?” kaats ek terug, want ek sien dat ek hom nie hoef te vrees nie.

“Ek is Osbert.” Hy gaan sit teenoor my, net soos ek in 'n kleremakersposisie. “Ek is die calefactor.”

Ek het geweet dat daar 'n calefactorium bestaan en het al eenkeer die stookruimte langs gekom, maar het nooit durf vra om na binne te gaan nie. Ek vertel hom wie ek is en by wie ek woon.

“A, die seun van die poortwagter,” sê hy. “Ek wis dat hy 'n klein kind versorg, maar dit verbaas my om daardie kind nou op die dak aan te tref. Weet jy dalk wat die ab met jou doen as hy dit sou weet?”